eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Plak asseblief die strepieskodeplakker hier

TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

VERBRUIKERSTUDIES

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur | 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel word in vier afdelings verdeel:

   AFDELING A: Voedsel en Voeding en Verbruikerverwante Kwessies
   AFDELING B: Kleding en Verbruikerverwante Kwessies
   AFDELING C: Behuising en Meublement en Verbruikerverwante Kwessies
   AFDELING D: Uitgebreide Skryfrespons
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.
5. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail aan wat verlang word.
6. Sakrekenaars mag gebruik word.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. DRIE skoon bladsye (bladsy 29–31) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye as jy nie genoeg spasie het om 'n vraag te voltooi nie. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan as jy hierdie ekstra spasie gebruik.

Puntetoekenning

Vraag	1	2	3	4	5	6	7	8	9	**Totaal**
Punte	18	23	29	11	14	25	10	50	20	**200**
Behaal										
Moderering										
Gekontroleer										
Hermerk										

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 1 MEERVOUDIGEKEUSIGEVRAE

1.1 Kies die mees korrekte antwoord vir elkeen van die volgende vrae. Skryf slegs die letter(s) van jou keuse in die tabel hieronder.

Vraag	**1.1.1**	**1.1.2**	**1.1.3**	**1.1.4**
Antwoord				

1.1.1 Kies die kombinasie faktore wat met anemie geassosieer kan word.

A Verminderde produksie van rooibloedselle.
B 'n Reaksie nadat jy proteïen geëet het.
C Oormatige bloedverlies.
D Verswakte absorpsie van yster.
E Opbou van plaak in die are.
F Gekenmerk deur pyn, koors en diarree.

(3)

1.1.2 …-tekort lei tot die verminderde absorpsie van kalsium en fosfor.

A Vitamien A
B Vitamien C
C Vitamien D
D Vitamien E

(1)

1.1.3 Watter van die volgende beskryf inflasie die beste?

A 'n Afname in die algehele vlak van pryse in 'n ekonomie
B 'n Toename in die algehele vlak van pryse in 'n ekonomie
C Die hoeveelheid geld in omloop in 'n ekonomie
D Die tempo waarteen die ekonomie groei

(1)

1.1.4 Bulimielyers gebruik die volgende metodes om van kilojoules ontslae te raak voordat dit in die liggaam opgeneem kan word.

A Oormatige waterinname
B Vermy kos en vas
C Strawwe oefening
D Neem diuretika
E Self-geïnduseerde braking
F Eet net sekere kosse

(3)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 In die tabel hieronder, tabuleer die volgende kenmerke in die toepaslike tipe belasting. Skryf slegs die korrekte letter(s) in die toepaslike kolom neer.

Eiendoms-belasting	Lopende betaalstelsel (LBS)	Voorlopige belasting	Omgewings-belasting	Aksyns-belasting	Kapitaalwins-belasting

A Onderhewig aan 'n werknemer se inkomste.
B Betaal deur 'n verbruiker met 'n onreëlmatige inkomste.
C Hoofsaaklik op nie-noodsaaklike artikels gehef.
D Slegs betaalbaar nadat 'n belegging verkoop is.
E Betaal aan die munisipaliteit deur huiseienaars.
F Gehef op plastieksakke en nie-hernubare energiebronne.
G Word maandeliks deur die jaar ingesamel.
H Word gebruik vir die instandhouding van infrastruktuur in gemeenskappe.
I Die werkgewer moet 'n werknemer-belastingsertifikaat uitreik.
J Twee keer per jaar betaal, gebaseer op geskatte inkomste.

(10)
[18]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 2

Bestudeer die afbeelding hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg, te beantwoord.

Die huidige teikens vir MIV-toetsing en -behandeling word die 95-95-95 teikens genoem en moet teen 2025 bereik word om VIGS teen 2030 te beëindig.

In 2021 in Suid-Afrika:



[Bron: UNAIDS, 2021]

2.1 Beskryf Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) in detail.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(3)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 Identifiseer die teiken waarin Suid-Afrika moet verbeter.

(1)

2.3 Noem VIER moontlike redes vir die statistiek wat in Vraag 2.2 geïdentifiseer is.

(4)

2.4 **"Die behandeling van mense wat met MIV/VIGS leef, begin met voedsame kos."** Ontleed die bogenoemde stelling met verwysing na gesonde eetgewoontes vir 'n verswakte immuunstelsel.

(7)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.5 Gee raad vir kosbeplanning aan mense wat met MIV/VIGS leef wat die volgende simptome toon.

2.5.1 Seer mond of keel

(2)

2.5.2 Diarree

(2)

2.6 Identifiseer VIER strategieë vir individue wat aan VIGS ly wat geïmplementeer kan word om VIGS teen 2030 te beëindig.

(4)
[23]

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 3

Bestudeer die statistieke hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg, te beantwoord.



[Gesamentlike kinderwanvoedingskattings soos deur UNICEF, WGO en die Wêreldbank verskaf.]

3.1 Identifiseer die aansigte wat die gevolg van proteïen/energiewanvoeding kan wees.

_____

_____

(1)

3.2 Verduidelik jou antwoord op Vraag 3.1 met betrekking tot wanvoeding in Suid-Afrika.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 Identifiseer TWEE wanvoedingverwante gesondheidstoestande wat die kinders wat uitgeteer is, kan hê.

_____

_____

(2)

3.4 Wat is die verskil tussen hierdie twee toestande wat in Vraag 3.3 geïdentifiseer is? Tabuleer jou antwoord soos hieronder getoon.

BASIS VAN VERGELYKING	Noem een toestand wat jy in Vraag 3.3 geïdentifiseer het. Antwoord: _____	Noem die ander toestand wat jy in Vraag 3.3 geïdentifiseer het. Antwoord: _____
Beskrywing		
Simptome		

(8)

3.5 Verduidelik VIER moontlike oorsake van vetsug by kinders.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(4)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

3.6 Pas die volgende resep aan om dit meer geskik te maak vir 'n vetsugtige kind en verskaf goeie redes vir jou keuses.

Spaghetti Bolognaise

Bestanddele	Aanpassing	Rede
Voorbeeld: Ui/Wortel/Seldery/Kruie	**Voorbeeld:** Geen aanpassing benodig nie.	**Voorbeeld:** Lae kilojoule-inhoud en bevat belangrike minerale en vitamiene vir ‘n kind se ontwikkeling.
350 g Spaghetti		
10 ml Sonneblomolie		
100 g Spekstukkies		
500 g Beesmaalvleis		
500 ml Geblikte pastasous		

(10)
[29]

70 punte

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 4 KORTVRAE

4.1 Skryf die mees toepaslike modeterm vir die beskrywings hieronder neer:

4.1.1 'n Klerestyl wat tans deur die meeste mense gedra word.

_____ (1)

4.1.2 'n Klerestyl wat nie meer gedra word nie.

_____ (1)

4.1.3 'n Tydlose klerestyl met eenvoudige, maklik identifiseerbare lyne.

_____ (1)

4.1.4 Heersende neigings of style in klere, skoene, bykomstighede, haarstyle en grimering wat gewild is en wyd aanvaar word binne 'n bepaalde kultuur of samelewing.

_____ (1)

4.1.5 Kledingstukke wat tipies duur is, dikwels in modevertonings vertoon word en deur enkele mode-ikone gedra word.

_____ (1)

4.1.6 'n Sakemodel en benadering in die modebedryf wat spoed en lae koste in die vervaardiging en verspreiding van klere en bykomstighede beklemtoon.

_____ (1)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 Kies die woord/term tussen hakies wat die stelling waar sal maak. Skryf slegs die woord/term in die spasie wat voorsien word.

4.2.1 Met 'n (afbetaling / bêrekoop) -aankoop ontvang die verbruiker eers die produk nadat die volle bedrag betaal is.

_____ (1)

4.2.2 Die Verbruikersbeskermingswet beskerm verbruikers deur 'n (afkoel- / uitsluitings-) tydperk in te sluit waartydens hulle 'n kontrak kan kanselleer wat uit direkte bemarking voortspruit.

_____ (1)

4.2.3 'n (Waarborg / Vrywaring) is 'n formele, skriftelike belofte wat deur die verkoper gemaak word dat 'n kledingstuk vry is van defekte.

_____ (1)

4.2.4 'n Spaargeleentheid bekend as 'n (stokvel / spaarrekening) behels gereelde bydraes van 'n vasgestelde bedrag deur sy lede, met die ingesamelde geld wat om die beurt aan elke lid toegeken word, en wat hulle in staat stel om groot kontantaankope te doen.

_____ (1)

4.2.5 (Herwinning / Opgradering) beteken om 'n ou kledingstuk uitmekaar te haal en dit in 'n nuwe item te omskep.

_____ (1)

[11]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 5

Lees die scenario hieronder en beantwoord die volgende vrae.

Die 16-jarige Jacques het die handelsmerk T-hemp op die Facebook-mark gekoop. Die verskaffer het hom verseker dat die hemp nie 'n namaaksel is nie. Die eerste keer dat Jacques egter die hemp gedra het, het 'n vriend gevra waar hy die nagemaakte T-hemp gekry het. Jacques was woedend en het dadelik die verskaffer gebel en kwaad op hom geskree. Die verskaffer het egter volgehou dat die T-hemp nie 'n vervalsing was nie.

[Bron: Teks: Eksaminator, Prent: Facebook Marketplace]

5.1 Wat is die eerste ding wat Jacques moes opgelet het om te besef die T-hemp is nie van die oorspronklike handelsmerk nie?

_____ (1)

5.2 Noem die tipe kontrak waartoe Jacques ingestem het deur sonder enige dispuut vir die T-hemp te betaal.

_____ (1)

5.3 Volgens die verskaffer is die T-hemp nie nagemaak nie. Gee 'n ander rede waarom hierdie handelsmerk-T-hemp so goedkoop kan wees.

_____

_____ (2)

5.4 "Gelukkig word Jacques in Suid-Afrika deur die Wet op Verbruikersbeskerming beskerm."
Gee redes vir hierdie stelling, met verwysing na jou antwoord op Vraag 5.3.

_____

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

5.5 Wanneer sal Jacques nie deur die Wet op Verbruikersbeskerming beskerm word nie?

(1)

5.6 Gee vir Jacques VIER riglyne oor hoe om meer effektief te kla.

(4)

5.7 Hoekom sal tieners, soos Jacques, in die versoeking kom om klere-items met vervalste handelsmerke te koop?

(3)
[14]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 6

Bestudeer die afbeeldings hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1960	2022
Tweestukuitrusting in vlootblou poliëster	Tweestukuitrusting in vlootblou poliëster

[Bron: Bing. Images]

6.1 Noem en definieer die modestyl wat in die bogenoemde afbeeldings getoon word.

_____

_____

_____

(3)

6.2 Vergelyk die styl wat jy in Vraag 6.1 gedefinieer het, met 'n modegier. Gebruik die tabel hieronder as riglyn vir jou antwoord.

	Jou antwoord op Vraag 6.1 _____	Modegier
6.2.1 Tyd		
6.2.2 Aantal mense wat die styl dra.		
6.2.3 Geskiktheid vir alle liggaamstipes en vorms.		

(6)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

6.3 Teken 'n grafiek om die fases van hierdie twee modestyle te verduidelik. Benoem die grafiek dienooreenkomstig.

(7)

6.4 Waarom is die 2022-uitrusting 'n uitstekende opsie vir 'n formele werksonderhoud?

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.5 Die volgende klere-etiket verskyn op die 2022-uitrusting. Gebruik dit om die volgende vraag te beantwoord.

[Bron: <https://i.etsystatic.com/20871695/>]

Evalueer die etiket met betrekking tot die uitrusting se langtermyn volhoubaarheid.

(5)
[25]

50 punte

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

Bestee ongeveer 50 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 7 KORTVRAE

7.1 Kies die mees korrekte antwoord op elk van die volgende vrae. Skryf slegs die letter(s) van jou keuse in die tabel hieronder neer.

Vraag	**7.1.1**	**7.1.2**	**7.1.3**	**7.1.4**	**7.1.5**
Antwoord					

7.1.1 'n Regspersoon van ‘n deeltitelkompleks …

A is verantwoordelik vir die instandhouding van die gemeenskaplike area.
B kan besluit wie in die kompleks koop of huur.
C bestaan uit 'n groep prokureurs wat deur kopers aangestel is.
D is slegs verantwoordelik vir die swembadarea.

(1)

7.1.2 Watter dienste kan 'n eiendomsagent bied wanneer hy/sy iemand help om 'n eiendom te koop of te verkoop?

A Doen eiendomsbesigtigings en onderhandeling oor die koopprys.
B Voorbereiding van regsdokumente en uitvoer van eiendoms-inspeksies.
C Verskaf finansieringsopsies en beleggingsadvies.
D Bied huisopknappingsdienste en eiendomsbestuur aan.

(1)

7.1.3 'n Hernubare energiebron is …

A steenkool.
B fossielbrandstof.
C natuurlike gas.
D wind.

(1)

7.1.4 Watter van die volgende is NIE 'n waterbesparingswenk(e) nie?

A Verminder die stortvolume.
B Verminder die spoelvolume van toilette.
C Stort vir 'n uur eerder as om te bad.
D Gebruik swart water in jou groentetuin.

(2)

7.1.5 As jy besluit om 'n huis te bou, maak seker die bouer wat jy kies, is geregistreer by die ...

A NKR
B NHBRR
C SANBD
D SAID

(1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7.2 Vul die ontbrekende woord/term in die volgende stellings in.

7.2.1 Die _____ volg die prysverandering van 'n gemiddelde mandjie items wat deur huishoudings gekoop word om inflasie te bepaal.

(2)

7.2.2 _____ wasmasjiene gebruik die minste hoeveelheid water.

(1)

7.2.3 _____ doeltreffendheidsetikettering op toestelle help verbruikers om ingeligte besluite oor die produkte se elektrisiteitsverbruik te neem.

(1)
[10]

VRAAG 8

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Gert en Grace Shabangu wil hul droomhuis in die Blue River Landgoed bou omdat hulle hul gesin van twee wil uitbrei. Hulle beplan om met hul gesamentlike inkomste vir 'n huislening aansoek te doen. Hulle het 'n kwotasie van R3,2 miljoen van Afrikta-ontwikkelings ontvang, wat die deeltitelerf, ontwerp en konstruksie insluit. Ekstra maandelikse eiendomsuitgawes sal die volgende insluit:

Heffing – R2200.00 Elektrisiteit – R1200.00 Water – R890.00

Die egpaar beoog om 'n paar eko-vriendelike ontwerpelemente by die bestaande plan te voeg, maar hulle is onseker hoe om dit te doen. Jy word as 'n projekkonsultant aangestel om hulle by te staan.

[Persoonlike uittreksel]

8.1 Noem VIER faktore wat die egpaar moet oorweeg voordat hulle besluit of hulle gaan huur, bou of koop.

_____

_____

_____

_____

(4)

8.2 Lys DRIE dokumente wat hulle aan die bank moet verskaf wanneer hulle vir 'n huislening aansoek doen.

_____

_____

_____

(3)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

8.3 Verduidelik die verskil tussen 'n vaste en veranderlike rentekoers aan die egpaar.

(4)

8.4 Identifiseer TWEE ander komponente wat nie in die uittreksel genoem word nie, wat bydra tot die boukoste van 'n huis.

(2)

8.5 Noem spesifieke klousules/bepalings wat slegs op 'n boukontrak van toepassing is.

(5)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.6 *'n Maandelikse heffing word as 'n ekstra landgoedkoste aangedui.*
Verduidelik aan die egpaar hoekom hulle hierdie heffing moet betaal.

(4)

8.7 Ontleed die verskille tussen deeltitel- en voltiteleiendomseienaarskap krities.

(6)

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

8.8 Regverdig die voordele van die bou van hul eie huis.

(8)

8.9 Identifiseer VIER eko-vriendelike ontwerpelemente wat die egpaar in hul huis kan inkorporeer.

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.10 *Weens al die boukoste raak die egpaar bekommerd oor die aankoop van huishoudelike toestelle.*

Redeneer watter betaalmetode die beste sal wees vir die aankoop van hierdie toestelle.

(2)

8.11 Motiveer die aankoop van ekovriendelike toestelle deur na omgewingsbewaring te verwys.

(8)
[50]

60 punte

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

Bestee ongeveer 30 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 9

Gebruik die volgende bronne om die vraag te beantwoord:

"Moet voedingswaarde-etikettering op kitskos verpligtend wees in Suid-Afrika?"

Bron 1

'n Studie deur die Suid-Afrikaanse Vaktydskrif vir Kliniese Voeding oor kitskosvoeding het bevind dat net 58% van SA se grootste kitskoskleinhandelaars wat betrek is, voedingsinligting oor hul produkte verskaf.

[Bron: Pasiya, L. (geen datum). "Should fast-food nutritional labelling in South Africa be mandatory?"]

Bron 2

Terwyl alle burgers hoog in proteïen was, was sommige ook hoog in vet, sout en suiker, soos aangedui deur persentasies van die voedingsverwysingsreekse bo 30%. Dieselfde het ook gegeld vir pizzas. Alle maaltydkombinasies het veral die totale aanbevole energie-, koolhidrate-, suiker- en soutinhoud oorskry, en die meeste het ook die aanbevole vetinhoud oorskry.

[Bron: Dlamini, S.N., Mukoma, G. en Norris, S.A. (2021). "Should fast-food nutritional labelling in South Africa be mandatory?"]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Bron 3

Volgens die huidige Suid-Afrikaanse regulasies, wanneer geen aanspraak op byvoorbeeld 'n hoë veselinhoud of 'n lae vetinhoud oor die voedselproduk gemaak word nie is die verskaffing van voedingsinligting nie verpligtend nie. Gevolglik is die maak van gesonder voedselkeuses by die aankooppunt nie altyd 'n opsie vir Suid-Afrikaanse verbruikers nie. Die regulasies dui ook aan dat, tensy aanspraak op voedingswaarde gemaak word, eetgereed-voedsel wat op die perseel voorberei en verkoop word, vrygestel is van die voedingswaarde-etiketteringsvereistes. Aangesien hierdie voedselkategorie hoofsaaklik kos insluit wat gereed is om te eet, hoef kitskoswinkels nie die voedingsinligting van hul produkte te lys nie. Gevolglik is toegang tot voedingsinligting nie geredelik beskikbaar vir verbruikers nie, wat dit vir verbruikers moeilik maak om ingeligte keuses te maak.

[Bron: Dlamini, S.N., Mukoma, G. en Norris, S.A. (2021). "Should fast-food nutritional labelling in South Africa be mandatory?"]

Bron 4

Die studie het die Verenigde Koninkryk se Verkeerslig-etiketteringstelsel gebruik, 'n etiketteringmetode wat groen, amber of rooi toeken, om spesifieke voedingstowwe (bv. suiker, vette en sout) onderskeidelik as laag, medium of hoog te beoordeel.

[Bron: Dlamini, S.N., Mukoma, G. en Norris, S.A. (2021). "Should fast-food nutritional labelling in South Africa be mandatory?"]

Bron 5

Verstedeliking is die grootste dryfveer van die vetsugpandemie en gepaardgaande chroniese siektes. Dit is omdat verstedeliking gepaardgaan met ongesonde leefstylaanpassings, insluitende die verhoogde inname van ultra-verwerkte en energiedigte kos, wat oor die algemeen ongesond is. 'n Groot deel van hierdie ongesonde kosse is kitskos, wat gerieflik is om teen relatief lae pryse te verkry, maar oor die algemeen hoog in energie, vet, sout en selfs suiker is.

[Bron: Dlamini, S. (geen datum). "Why South Africa should introduce mandatory labelling for fast foods." [aanlyn] *City Press*]

GEBRUIK DIE RUBRIEK OM JOU BEANTWOORDING TE LEI.

[20]

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Kriteria	Prestasie-aanduiders				
Inleiding & gevolgtrekking	**5 punte**	**4 punte**	**3–2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	'n Inleiding met 'n duidelike en bondige riglyn vir die bespreking van sowel voedingswaarde-etikettering op kitskos as misleidende voedsel-aansprake. Die gevolgtrekking is 'n samevatting van alle feite met 'n duidelike argument vir voedingswaarde-etikettering op kitskos.	'n Inleiding wat 'n begrip toon van óf voedings-waarde-etikettering op kitskos óf misleidende voedselaansprake. 'n Gevolgtrekking is teenwoordig, maar die feite is nie gekonsolideer nie OF daar is geen duidelike argument vir die instelling van voedingswaarde-etikettering op kitskos nie.	'n Poging is aangewend tot 'n inleiding, maar dit toon 'n swak begrip van sowel voedingswaarde-etikettering op kitskos as misleidende voedselaansprake. Die gevolgtrekking en samevatting van feite word gegee, maar duidelikheid ontbreek.	Die inleiding en slot is gegee, maar dis vaag, ontbreek samehang, is deurmekaar of herhalend. Die inleiding of die gevolgtrekking ontbreek.	Geen inleiding of gevolgtrekking nie.
Gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan	**5 punte**	**4 punte**	**3–2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Die antwoord toon 'n duidelike begrip van die gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan. Kandidaat bespreek 4–5 gevolge in detail. Geen feitefoute nie.	Die antwoord toon 'n goeie begrip van die gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan. Kandidaat bespreek 2–3 gevolge in detail. Geringe feitefoute.	Die antwoord toon 'n begrip van die gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan. Kandidaat bespreek slegs 1 gevolg in detail. Sommige belangrike inligting ontbreek/foutief.	Die antwoord toon 'n swak begrip van die gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan. Kandidaat lys gevolge sonder enige besonderhede. Die antwoord is vaag en herhalend.	Die antwoord toon swak of geen begrip van die gevolge van 'n dieet wat uit kitskos bestaan nie.
Verbode misleidende aansprake wat met kitskos verband hou	**5 punte**	**4 punte**	**3–2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Die antwoord toon 'n duidelike begrip van 5 misleidende voedsel-aansprake, en dit hou verband met kitskos-produkte. Geen feitefoute nie.	Die antwoord toon 'n goeie begrip van 4 misleidende voedselaansprake, en dit hou verband met kitskosprodukte. Geringe feitefoute.	Die antwoord toon 'n begrip van 2–3 misleidende voedselaansprake, en dit hou geringe verband met kitskosprodukte. Sommige belangrike inligting ontbreek/foutief.	Die antwoord toon 'n swak begrip van misleidende voedselaansprake en hou nie verband met kitskos nie. Die reaksie is vaag en herhalend.	Die antwoord toon swak of geen begrip van misleidende voedselaansprake nie.
Kwaliteit van die antwoord	**5 punte**	**4 punte**	**3–2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Die antwoord is duidelik en bondig. Vloei is logies. Fokus word deurlopend behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat.	Die artikel is meestal duidelik, die vloei is logies, die fokus word behou en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe tekortkomings.	Daar is enkele gebreke wat verband hou met duidelikheid, redenasie, fokus en terminologie, wat die kwaliteit van die artikel beïnvloed.	Die artikel is dikwels vaag, het gebrek aan samehang, deurmekaar of herhalend. Die terminologie wat gebruik word, is dikwels foutief.	Die artikel is betekenisloos.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

20 punte

Totaal: 200 punte

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

BYKOMENDE RUIMTE (ALLE VRAE)

OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD, ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
IEB Copyright © 2023